

# Kategeet werkblad: 17 Oktober 2010

---

## Teksgedeelte:

Jesaja 7:1-25

## Agtergrond:

*(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)*

Resin van Aram is besig om 'n plan te beraam om die belasting juk van die magtige Tiglat-Pileser 111 van Assirië van hom af te gooi. Hiervoor het hy bondgenote nodig. Peka van Israel is reeds aan sy kant. As Agas van Juda met hulle saamspan, is hulle kans teen die Assiriërs net soveel groter. Agas wou egter nie. Vers 2 vertel wat Resin en Peka toe doen en hoe Agas daarop reageer: 'Die berig dat die Arameërs reeds in die Israelitiese gebied in Efraim kamp opgeslaan het, het vir Agas, die koning uit die geslag van Dawid, in Jerusalem bereik, en hy en sy volk het baie bang geword. Hulle het gebewe soos die bome in die bos bewe in die wind.' Die werk van 'n koning destyds was om sy mense te beskerm. Agas was veronderstel om braaf te wees, maar in plaas daarvan bewe hy. Die hele volk het saam met hom paniekbevange geraak. **Met die dreigende gevaar op hande, vergeet Agas dat hy koning is uit die geslag van Dawid en dat hy God by die volk verteenwoordig.**

Dit is hier waar Jesaja in die prentjie kom. Hy word vir die heel eerste keer by die naam genoem. In hierdie vertelling is hy ook een van die rolspelers. Toe Agas agterkom dat Resin en Peka hulle visier op Jerusalem instel (2 Kron 28:5-7), sê vers 3 het 'Die Here ... toe vir Jesaja gesê: Vat jou seun Sear-Jasub saam en gaan ontmoet vir Agas ...' *Sear-Jasub* se naam beteken *Oorblyfsel-keer-terug*. Die oorblyfseltema loop regdeur hierdie boek. In hierdie geval kan dit een van twee betekenisse hê – positief of negatief: nét 'n oorblyfsel sal terugkeer of daar sal darem 'n oorblyfsel terugkeer. **In Jesaja is die oorblyfsel altyd gekoppel aan mense wat op die Here vertrou. Jesaja se boodskap aan Agas gaan juis hieroor.**

Wanneer Jesaja in vers 4 aan die woord kom, is dit die Here wat Agas bemoedig: 'Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! Moet jou nie ontstel oor hierdie twee stukke brandhout nie, hulle rook net. Moenie bang wees vir die dreigemente van Resin en sy Arameërs en van Peka seun van Remalja nie.' Agas het die regte besluit geneem om nié saam met Resin en Peka teen Tiglat-Pileser op te trek nie. Daarvoor is die Assiriërs net te groot en te sterk. Resin en Peka daarenteen vergelyk Jesaja met twee stukke brandhout wat net rook. Hulle blaf, maar byt gaan hulle nié. Resin was in 'n verswakte posisie en Peka se ryk was aan die verbrokkel. Agas kan gerus net op die Here vertrou. **Dié wat op die Here vertrou, ervaar God by hulle. Dié wat op die Here vertrou, ervaar 'n gevoel van vrede en vertroosting.**

In vers 12 gaan die gesprek tussen Jesaja en Agas in die naam van die Here aan: 'Maar Agas antwoord: "Ek sal niks vra nie, ek sal die Here nie tart nie."' Die rede hiervoor is nié dat Agas die Here nie wil uitdaag of toets nie. Nee, Agas het klaar besluit wat hy gaan doen. Hy was so bang vir die bedreiging van sy bure uit die noorde dat hy besluit het om by Tiglat-Pileser III vir hulp aan te klop. Tiglat-Pileser is vir hom die beter opsie. Die oplossing wat Jesaja hom bied, vat Agas nié. Die gevolg van Agas se keuse was dat Juda 'n vasaalstaat van Assirië geword het wat belasting aan hulle moes

betaal. **Koning Agas wat veronderstel was om as God se verteenwoordiger perspektief te hê, het dit nie omdat hy nie op die Here vertrou nie.**

## **Verwagte uitkoms:**

Ten spyte wat die versekering wat God aan Agas gee dat Hy in beheer is en dat Agas op God moet vertrou, volg hy sy eie kop en maak op sy eie kragte staat. Ons is baie keer geneig om dieselfde te doen. Ons kyk baie keer eerder in die dinge wat ons het of kontakte wat ons het, wat vir my die regte toutjies kan trek, vas, as om ons geloof in God te stel. Dit beteken nie dat ons nie van mediese tegnologie, versekering ens. gebruik moet maak nie, maar baie keer stel ons eerder ons vertrou in hierdie dinge – dit sê vir ons dat ons vertrou in dinge belangriker raak as ons vertrou in God. Wat gebeur met ons as ons nie meer hierdie dinge het om op te vertrou nie, wat gebeur as ons gestroop raak van ons dinge, sal ons steeds op God vertrou of het ons Hom die God van ons dinge gemaak?

## **Aksie:**

Die les berus op 'n visualiseringsoefening. Jy as fasiliteerder gaan 'n storie of scenario aan die groep voorlees waarop julle as groep gaan reflekteer. Vir die visualisering het jy nodig om so beskrywend as moontlik te wees, praat in 'n rustige stemtoon en probeer om so veel as moontlik afleiding uit te skakel. Dit kan vir die kinders makliker wees as hulle hul oë toe maak en dan die prentjies, van dit wat jy beskryf, in hulle gedagtes sien. Omdat hulle visueel ingestel is, behoort dit nie 'n probleem te wees nie. Hierdie oefening vereis vertrou van die kinders af, hulle wil weet dat jy nie iets snaaks gaan doen met hulle nie. Sê dus aan hulle dat hulle net hulle oë hoef toe te maak terwyl jy die storie aan hulle vertel.

## **Skets die volgende scenario:**

- Na 'n warm dag by die skool kom jy moeg by die huis aan.
- Jy gaan na die kamer toe om jou iPod te gaan haal sodat jy musiek kan luister.
- Jy sien nie die iPod daar nie en gaan na die TV-kamer om TV te gaan kyk.
- Toe jy daar kom, sien jy dat die TV weg is.
- Soos jy om jou kyk sien jy dat die banke ook weg gedra is.
- Jy gaan na die kombuis toe om vir jou 'n broodjie te gaan haal, maar jy sien dat die yskas ook weg is.
- Jy besef dat julle huis besteel is en soos wat jy van kamer... na kamer... na kamer... loop, sien jy dat alles weg gedra is.
- Daar is ook nie eers meer klere in jou kas nie.
- Al wat jy oor het, is die skoolklere aan jou lyf en die boeksak.
- Jy haal jou selfoon uit jou boeksak uit om jou ma te bel, maar besef dat die battery vroeër die dag pap geword het.
- Jy wag tot laat die middag en toe jou ma by die huis kom vertel jy aan haar dat julle besteel is.
- Sy bel die polisie en versekering.
- Die versekering sê aan haar dat die debietorder nie die vorige maand afgegaan het nie en dat julle dus nie verseker is nie.
- Julle gaan nie dit wat julle gehad het onmiddellik kan vervang nie.

“Wanneer jy nou jou oë gaan oopmaak gaan jy besef dat julle nie regtig besteel is nie en jy gaan weet dat jy eintlik veilig hier by die kerk is. Ons gaan nou bespreek hoe jy gevoel het oor wat jy gesien het en jy gaan rustig daarvoor voel om dit te bespreek. Niks kan jou hier skade doen nie. Maak nou jou oë oop.”

## Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

## Diamant vrae:

- Watter van jou besittings is jy die liefste voor of is vir jou die kosbaarste?
- \*(’n Vraag wat dalk nodig kan raak by Skoppens of Klawers as die kinders nie kan dink aan dinge wat hulle het nie, is om te vra: “Wat is die dinge waarop ons in ons lewe staatmaak om belangrik te voel?” [Die regte kar, gesondheid, die regte Brand-name klere, rekenaars, iPods, Playstations, goeie punte, sportiwiteit, leierskap, ens.]

## Hart vrae:

- Hoe het jy gevoel toe jy in die storie besef het dat jou huis leeg gedra is?
- Hoe het jy gevoel toe jy besef het dat dit nie onmiddellik vervang gaan word nie?

## Skoppens vrae:

- As ’n Pa/Ma met ’n baie siek kind hoor dat hulle kind onmiddellik gesond sal word en nie doodgaan nie – as hulle al hulle besittings weg sou gee – wat dink jy sal die Pa/Ma doen en hoekom?
- Wat dink jy maak dat ’n Pa/Ma wat ’n kind verloor het, weer sal aangaan met hulle werk en lewe na die kind se dood?
- \*Ons is baie keer so bekommerd oor al die dinge wat ons het en dit wat ons daarmee kan doen. Ons wil baie keer dinge hê net omdat ons vriende dit het. Eintlik verloor ons nie ons waarde as ons nie meer die dinge het nie. Wat dink jy is belangriker as die dinge wat ons het?

## Klawers vraag:

- Hoe kan ons geloof ons help in ’n wêreld waar ons baie keer net vas kyk in die dinge wat ons het?
- Wat sou God sê is belangriker as die dinge wat ons het?